Today

KF Jean du Plessis

Vriende en mede-aandeelhouers. Die [vreesaanjaende] KIV 'media vrystelling' & meegaande boodskap moet in die lig van juridiese perspektief en bestaande uitvoerende owerheidsbeleid, sowel toepaslik grondwetlike bepalings beoordeel word. Daar word verwag dat die [ware] werklikheid in die lig van voorgenoemde spoedig, na aanleiding van spesialis juridiese advies ingewin, deur die Direksie op deursigtige wyse aan aandeelhouers bekend gemaak word. Die KIV is nie die bemagtigde verteenwoordiger namens KA en die aandeelhouers in die verband nie en ook geensins gesag op hierdie terrein nie!

10:58

Die boodskap vertaal in gewone Afrikaans:

Die Vreesaanjaende KIV Mediavrystelling – Die absolute waarheid is dat die nuwe erfbelasting kategorie dit vir aandeelhouers onbekostigbaar maak om hier te woon en daardie feite sal nie verander nie.

Juridiese perspektief beteken hulle stel dit so aantreklik dat die inwoners daarna uitsien om die belasting te betaal…

Bestaande uitvoerende owerheidsbeleid… en  toepaslike grondwetlike bepalings … is tog absoluut duidelik. KA het versuim om hulle verantwoordelikhede en pligte na te kom en nou is dit tyd vir k@k en betaal.

Daar word verwag dat die [ware] werklikheid in die lig van voorgenoemde spoedig na aanleiding van spesialis juridiese advies ingewin, deur die direksie op deursigtige wyse aan aandeelhouers bekend gemaak… hulle gaan weer die ou gebruiklike KA metode volg waar die feite deur twak vervang gaan word en dan onder lae sjokolade op 'n verdraaide wyse aan aandeelhouers oorgedra gaan word… iewers in die toekoms wanneer dit te laat is, alles omdat KA in die bollie is sonder 'n werkbare idee van 'n plan om die probleem op te los.

Die laaste paragraaf verwys… KIV het hom NOOIT as die bemagtigde verteenwoordiger namens KA voorgedoen nie maar die aandeelhouers wil die WAARHEID weet so gou moontlik asook wat KA daaromtrent gaan doen en wat die risikos vir die aandeelhouers gaan wees.

KIV deel bloot die slegte nuus met die aandeelhouers wat angstig sit en wag asook diegene wat belangstel en hulle getalle groei weekliks.